
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## RELIGIESTUDIES V2

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 1**

1.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**GESLAGSGEBASEERDE GEWELD**

Die regering het die vroue en kinders van Suid-Afrika in die steek gelaat wat steeds teen verskriklike misdade te staan kom terwyl leiers lippediens bewys aan die plaag van geslagsgebaseerde geweld (GBV) en vrouemoord. Daar is geen land waar vroue en kinders so onveilig is as in Suid-Afrika nie.

As jy 'n vrou is, is jy nie veilig nie. Jou lewe en jou liggaam kan deur mans geneem word wat nie jou waarde as 'n mens erken nie, wat dink jou pyn maak nie saak nie, wat jou soos 'n veragtelike, weggooibare (waardelose) ding behandel. Miskien het jy hulle teruggeantwoord en hulle het aanstoot geneem. Miskien het jy daarop aangedring om die geld wat jy gespaar het op jou kinders te spandeer in plaas daarvan om dit aan die patriarg van die huishouding te gee. Miskien het jy saam met jou vriende uitgegaan. Miskien het jy met 'n ander man gepraat. Miskien het jy sy kos gebrand. Miskien het jy mooi klere gedra. Miskien het jy probeer keer dat 'n dronk huweliksmaat homself op jou afdwing.

Vir hierdie misdrywe kan jy in die gesig gesteek word, met 'n byl doodgekap word, in jou huis toegesluit word, gebrand word, verkrag word, jou kinders vermoor word.

[Bron: *Sunday Times*, 7 Augustus 2022]

1.1.1 Noem enige TWEE vorms van geslagsgebaseerde geweld. (4)

1.1.2 Verduidelik enige DRIE moontlike oorsake van geslagsgebaseerde geweld. (12)

1.1.3 Noem en bespreek enige DRIE gevolge van geslagsgebaseerde geweld. (12)

1.2 Bespreek praktiese strategieë wat godsdienstige gemeenskappe kan gebruik om die probleem van geslagsgebaseerde geweld te oorkom. (10)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan met betrekking tot geslagsgebaseerde geweld. (12)
**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In die middel van die 19de eeu het die bioloog Charles Darwin se evolusieleer in *The Origin of Species* verskyn. Dit was die eerste nie-godsdienstige verduideliking van hoe die wêreld geskep is en waar mense vandaan kom. Sedert Darwin word daar baie gedebatteer oor wat sy leer vir godsdienstige oortuigings beteken.
>
> [Aangepas en vertaal uit *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

2.1 Gee 'n verduideliking van Charles Darwin se evolusieleer. (10)

2.2 Bespreek die reaksie van Hindoeïsme op Charles Darwin se evolusieleer. (14)

2.3 Wat is die hoofredes waarom Abrahamitiese godsdienste die Oerknalteorie verwerp? (10)

2.4 Wat sou gebeur indien godsdiens wetenskaplike ontdekkings eenvoudig ignoreer? Bespreek VIER voordele en VIER nadele. (16)

**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3**

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die idee van 'n internasionale koalisie van godsdiensleiers wat vir vrede saamwerk, het 'n lang geskiedenis. Deur opvoedkundige strukture wat reeds bestaan, is godsdienste in die unieke posisie om 'n kultuur van vrede onder hulle volgelinge, en in die samelewing as 'n geheel, te bevorder.
>
> [Bron: *FOCUS on Religion Studies, Grade 12*]

3.1.1 Die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA) is daaraan toegewy om vir eenheid, vrede, demokrasie, en 'n behoorlike lewe vir almal te werk. Noem enige SES prestasies van hierdie organisasie. (12)

3.1.2 Die visie van die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Godsdienste vir Vrede ('ACRL-RfP') is om godsdiensleiers en hulle gemeenskappe saam te bring om hulle tot vrede te verbind. Maak 'n lys van hulle rigsnoere (beginsels). (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Geen godsdiens is 'n vaste monolitiese eenheid nie. Hulle het almal baie interne verskille en het sedert hulle ontstaan sulke verskille gehad.
>
> [Bron: *Religion Studies, Grade 12, Steyn et al.*]

3.2.1 Noem TWEE vertakkinge wat in EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bestaan. (4)

3.2.2 Bespreek die interne verskille van die vertakkinge wat jy in VRAAG 3.2.1 hierbo genoem het, onder die volgende opskrifte:

(a) Geloof/Oortuigings (12)

(b) Praktyke (12)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Leringe hou verband met oortuigings in die sin dat volgelinge geloof sal hê in 'n besondere godsdiens omdat hulle 'n stel leringe geleer het wat hulle voel waar is. |
| [Bron: *Focus on Religion Studies, Grade 12*] |

4.1 Met verwysing na EEN godsdiens, bespreek die sentrale leringe daarvan onder die volgende opskrifte:

4.1.1 Die oorsprong en die rol van boosheid (10)

4.1.2 Die aard van die mensdom, met verwysing na die gemeenskap en die individu (10)

4.2 Noem en bespreek enige TWEE hermeneutiese beginsels vir die interpretasie van heilige tekste. (8)

4.3 Bespreek die oorsprong en ontwikkeling van heilige tekste van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het. (12)

4.4 Wat is die rol van *inspirasie* in godsdiens? (10)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Wanneer mense aktief sekulêr raak, vind hulle dat hulle 'n teorie van hulle eie moet voorstel, soms om godsdiens te vervang. |
| [Aangepas en vertaal uit *Religion Studies Grade 12*] |

5.1 Bespreek die oorsprong van sekularisme. (12)

5.2 Noem en bespreek die leringe van enige TWEE sekulêre wêreldbeskouings. (24)

5.3 Dink jy dat sekularisme 'n negatiewe invloed op die morele waardes van die samelewing het? Gee redes vir jou antwoord. (14)
**[50]**

**TOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African